GEESDRIFTIGES: Gregor Küpper van SolarWorld saam met 'n groep sokkerliefhebbers voor die sonkrag-TV. Foto: BASIL AFRIKA

Kids kry TV wat met sonkrag werk

BASIL ARIKA

TOEKOMSTIGE sokkerspelers vir Bafana Bafana was gister uit hul vel van blydskap toe hulle 'n TV ontvang wat met sonkrag werk.

SolarWorld het 'n 42cm TV tesame met 'n dekodeerder en 'n DVD-speler ter waarde van R60 000 aan die Football Foundation in Gansbaai oorhandig.

Volgens Gregor Küpper, besturende direkteur van SolarWorld, sal die sonkrag-TV veral minderbevoorregte sokkerliefhebbers die geleentheid gee om hul gunsteling-sokkerspanne in aksie te sien.

Küpper sê die sonkrag-TV werk met batterye wat hul krag trek van sonpanele wat op die dak van Gansbaai se gemeenskapsportsentrum gemonteer is.

"Die battery hou tot vyf ure," het Küpper gesê.

Leán Terblanche, projekbestuurder van die Football Foundation of South Africa, sê dit is die ideale geskenk vir die kinders.

"Die kinders was baie opgewonde oor die sonkrag-TV."